PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXIV NOMMER 20 14 SEPTEMBER 1979

**Die Wapad het, nadat Pote en NKP hulle amptelik uitgespreek het teen mej. Suid-Afrika, Karin Sickel, wat nou al vir vier jaar saam met haar vriend woon, besluit om verskeie mense te nader om hulle mening. Ons ongeveer vyftig mense op die kampus genader en ook die SSR-voorsitter om sy mening gevra.**

# PU-karakter spreek vanself

deur Dirk van Heerden

**"Die PUK se uitgesproke Christelike karakter is dadelik ook 'n uitspraak teen saamblyery".**

So het die SSR-voorsitter, mnr. Jan-Louis du Plooy, aan Die Wapad gesê.

Die huwelik is dié band tussen man en vrou wat van God is. Die Bybel spreek hom sterk uit teen die verontagsaming van die huweliksgrense. En 'n saamblyery buite die huwelik is verontagsaming van die Woord. Daar bestaan geen manier om dit goed te praat nie, het mnr. Du Plooy gesê.

Uit die staanspoor kan mens jou reeds uitspreek teen die kies van 'n skoonheidskoningin, het hy gesê.

Dit is menseverheerliking. Só 'n skoonheidskoningin is veronderstel om die gemiddelde dame in haar groep uit te beeld. Só kan dit nie wees nie. Een mens kan nie die beeld wees van so 'n groot verskeidenheid van ons jong dames nie, het mnr. du Plooy gesê.

Vera Johns en Annelien Kriel het hulle ten gunste van die huidige mej. Suid-Afrika uitgespreek. Mense het hulle duidelik misgis met die idee dat so 'n dame die beeld van ons gemiddelde Suid-Afrikaanse jong meisie dra.

'n Mens kan ook nie redeneer dat elke mens 'n individu op sy eis is nie. Jy kan nie sê "dit is my saak en ek kan doen wat ek wil nie". Ons lewe elkeen in 'n gemeenskap en is verantwoordelik tot hom, het hy gesê.

Mnr. du Plooy sê hy is jammer dat mense dikwels net sê dat saambly on-Afrikaans is, dat dit nie inpas by ons kultuur nie. Dit is nie die enigste maatstaf nie. Die eerste maatstaf, sê hy, is die Bybel. En daarom kan niemand saamblyery regverdig nie.

Dit is maklik om saambly goed te praat met allerhande argumente as jy die Wet van God opsy skuif, maar ons kan en mag nie.

Dit is goed dat Pote en NKP hulle uitgespreek het oor mej. SA se saambly idee, maar dit moet nie net vir haar geld nie. Dit geld elke mens. Jy kan jou nie van haar as mens distansieer nie, maar wel van die idee wat sy het oor saamblyery.

# ander pukke sê...

**Die Wapad het verskeie mense op die kampus genader en om hul mening oor die saak gevra.**

Mej. C. van der Merwe (B. Bibl. 111) keur saamwoon voor die huwelik af op grond van Christelike oortuigings. Mej. T. Visagie (BA-111) sien saamwoon as sinneloos. Sy sê te veel moet prysgegee word deur albei partye en sy het beginselbesware teen saamblyery.

Mnr. J. Viljoen (B. Admissie 11) keur saamwoon af. Hy beskou dit as on-Bybels en sê dit druis in teen die Afrikanerkultuur.

Mej. René van Rensburg (BA 11) sê sy sal self nie saambly nie, maar distansieer haar ook nie van Karen Sickel nie. Enige mens moet vir homself uitmaak of hy sal saambly of nie.

Uit vyftig studente wat genader is, het net vyf nie werklike besware gehad nie. Die ander het hulle almal uitgespreek teen saamblyery.



*Mnr. Jan Kroeze, wat ná 'n baie suksesvolle jaar, as redakteur van Die Wapad uittree.*

# VOOROS VAN DIE WAPAD TREE UIT

— Heletjie Bezuidenhout —


**In 'n onderhoud het Jan Kroese gesê dat hy sowel verlig as hartseer voel ná 'n opwindende jaar van harde werk as redakteur van Die Wapad.**

Die jaar het heelwat hoogtepunte en laagtepunte opgelewer. Die feit dat daar tog geslaag is om teen alle verwagtinge in, elke week 'n Wapad te publiseer, is vir hom 'n groot hoogtepunt. Verder voel hy bly dat daarin geslaag is om die oplaag van 2000 tot 3200 te vermeerder en dat Die Wapad nou as 'n advertensiemedia erken word.

Daar was heelwat laagtepunte, veral aan die begin, met blapse soos die berigte oor Rhodes, "studente steel" en studente wat nie klasdraf nie. Hy voel dat sommige lede van die SR somtyds 'n gebrek aan begrip getoon het vir die hande wat in Die Wapad ingaan.

Hy sê baie dankie aan die ou redaksie en wens die nuwe redaksie alle voorspoed toe. Die feit dat hulle kort ná aanstelling reeds hard werk, is 'n goeie teken vir die toekoms.

Of hy as voorsitter van ASPU sal aanbly, is op hierdie stadium nog in die weegskaal. Hy sê hy sien uit na 'n jaar waarin hy hom ten volle kan toewy aan sy akademie.



*Intervarsity — En dié manne is voorbereid vir "alles".*

## Verhoging van Losies- en Klasgeld

*NA aanleiding van gerugte dat losies- en klasgeld in 1980 verhoog gaan word, het Die Wapad ondersoek ingestel. Sover vasgestel kon word, is dit slegs 'n gerug. Die Raad van die Universiteit moet nog uitsluitsel oor die saak kry en sal eers in November tydens 'n sitting daaroor besluit. Ons inligtingsbron beweer dat dit na verwagting nie verhoog sal word nie.*



*Goeie agterlynbewegings soos dié van Vic, Peet en Zillen, het Kovsies tydens Intervarsity telkemale onkant betrap (Sien berigte op bladsy 8) (Foto Jaco Pretorius)*

# PUK-gees beïndruk

**"Daar is iets pragtigs met die PUK gees aan die gang," was die reaksie van die rektor, prof. Tjaart, op die Intervarsity met Kovsies.**

Hy is tevrede met die PUKKE se rol as beeldhouers en uitdraers van die gees en karakter van die universiteit. Daar is ook 'n absolute minimum van klagtes ontvang oor wanpraktyke tydens die Intervarsity. Die paar gevalle wat wel voorgekom het, is die vlieg wat altyd in die apteker se salf sal wees; aldus prof. Tjaart.

Prof. van der Walt het verder gesê: "Ek dink dit gebeur so dikwels dat ons studente kritiek kry as hulle skeeftrap dat dit goed is dat hulle weet die positiewe houding en gees word ook waardeer." Hy is van mening dat die positiewe gedrag van die PUKKE 'n belangrike verkoopsartikel vir die universiteit is en dat die PUKKE die Kovsies met die Intervarsity totaal oorwas.

Die SSR het ook op 27 Augustus tydens 'n vergadering, hulle dank teenoor die PUK studente vir hulle goeie gedrag tydens Intervarsity uitgespreek. Hulle het ook die Pukspanne gelukgewens met hulle puik vertonings tydens Intervarsity.

# Spektrum 1979



"Porto Alegre" — een van die tapisserieë van Jean Lurcat wat op die oomblik in die foyer van die Studentesentrum te sien is.

# HOMMAGE À JEAN LURGAT

**Die eerste uitstalling in die foyer van die Studentesentrum is Vrydagaand 7 September deur dr. Albert Werth, direkteur van die Pretoriase Kunsmuseum geopen. Die uitstalling bestaan uit twintig tapisserieë van die Franse kunstenaar Jean Lurcat.**

Dr. Werth het met die opening van die uitstallling 'n kort lesing gehou oor die tapisseriekuns en die ontwikkeling van dié kuns in die moderne tyd.

Hy het Lurcat getipeer as die grootste kunstenaar van die tapisseriekuns van die moderne tyd. Die tapisseriekuns het 'n groot bloei gehad in die Middeleeue en het eers in die huidige eeu weer op die voorgrond getree. 1947 was die begin van die tapisseriekuns in Europa. In 1962 is in Lausanne hulde gebring aan die herlewing van dié kuns op die Biennale Internationale de la Tapisserie.

Lurcat het 'n nuwe ontwikkeling in die tapisseriekuns teweeggebring met die daarstelling van die reëls:

- 'n Tapisserie moet nie 'n kopie van 'n skildery wees nie.
- Die tapisserie moet in ooreenstemming met die funksie van die gebou waarin dit gaan hang, wees.
- Die voorstudie tot die tapisserie moet dieselfde grootte hê as die eindproduk.
- Die tekstuur van die tapisserie moet taamlik grof wees.

Jean Lurcat (1892-1966) is in Bruyéres in die Vosges-distrik van Frankryk gebore. Hy is by uitstek verantwoordelik vir die oplewing van dié eeu-oue kunsvorm. In 1915 het Lurcut sy eerste ontwerpe vir tapisserieë te voorskyn gebring.

Sy simboliese motiewe — die stralende son, die haan, die spatsels van plant- en insektelewe — het 'n soort alfabet vir tapisserie-ontwerp geword. Dit is egter beslis meer as slegs sier-elemente in 'n versierende kuns.

Die totale waarde van die tapisserieë is R360 000 en word aangebied deur die Peter Stuyvesant-Stigting. Die uitstalling is daagliks te besigtig en dit duur tot 3 Oktober.



*Mev. Babie van der Walt (tweede van regs) het die uitstalling van die vier dosente geopen. In gewone volgorde verskyn Titia Ballot, Nola Strauss, Zuanda Badenhorst en Adriënne Viljoen. (Foto: Frik Schoeman)*

# VIER PUKDAMES STAL UIT

**Mev. Babie van der Walt, die rektorsvrou, het op 4 September die uitstalling van vier dosente van die Departement Beeldende Kunste geopen. Die kunstenaresse is Titia Ballot, Zuanda Badenhorst, Nola Strauss en Adriënne Viljoen.**

Die 41 werke op die uitstalling is in verskillende media gedoen waar onder olie, ets, collagrafie, akriel, monotipe en rubberdruk.

Die werke getuig van behendigheid en netjiese afwerking. Die hele uitstalling is keurig aangebied en die uitvoering deur drie dosente van die konservatorium het bygedra to die luister van die opening. Minette Joubert (klavier) Fanie Jooste (fagot) en Mercedes Pavlicocick (fluit) was vir die uitvoering verantwoordelik.

Wat opgeval het in die ses werke van Adriënne Viljoen, is die klem wat 4 September in die werke dra — tog doen dit nie afbreuk aan die tydloosheid van die skilderye nie. Die werke van Titia Ballot weerspieël ook die tydsbegrip. Dit kom veral tot uitdrukking in die werke "Kairos" en "Sluier van die Chronos." Die verskillende fossiele spreek ook van versteende tyd.


## Wapadjies

Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou – sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgeld-dag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots – die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4, JAYS UITRUSTERS, Tel. 8791, Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**NAMIBIA: AFRICA'S HARSH PARADISE**
Hierdie boek van Anthony Bannister en Peter Johnson te koop teen R16,50 (Winkelprys R20,75). Kontak De Wet du Plessis by die WAPAD.

LOMP EN DOM met seminare en tikwerk? Skakel mev. Laubscher by tel: 21232, Kruisstr. 136 vir vinnige tikwerk en billike tarief.

**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

Wesvalia Boekhandel
**Tomstraat 84** **Tel. 6660**
***Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.***


# DIGTERS BUNDEL IN LENS

**Die Skrywerskring het Woensdagaand 5 September hulle bundel, LENS 78 79 bekendgestel. Die bundel bevat 32 verse in Afrikaans, twee in Engels en 'n kort stuk prosa.**

Prof. T.T. Cloete het die bundel bekendgestel. Hy het verwys na drie "tipes" digters. Die eerste groep is dié wat vir 'n tyd lank produktief is en daarna heeltemal ophou skryf. Daar is verder die digters, soos N.P. van Wyk Louw wat gedigte skryf maar self nie so ver kom om te publiseer nie. Iemand anders moet die gedigte "ontdek" en hom aanmoedig om te publiseer.

Prof. Cloete het laastens verwys na die derde groep wat publiseer en dan skielik heeltemal op die agtergrond verdwyn, soos dit met Sheila Cussons die geval was. Later, na 'n periode van "slaap", begin die digter dan weer skryf en dan sommer twee bundels per keer!

LENS 78 79 is te koop by die lede van Skrywerskring.

**Albino**

'n volk moet volk kan wees
en heers
en krag en mag en reg
moet in
ons gespierde woorde vleg

wie is dié dapper man?
generaal de wet!
kyk nie na sy pens nie kyk nie na sy vet
generaal de wet!
(en dit is sy perd . . .)

'n volk moet rein kan wees en groot
soos Germanicus (die wit
afrikanerbul)

Roma magna est!
Roma bone est!
Roma altissima! Roma! Roma! Roma!
vra my nie om meer inligting
ons lieg in landsbelang

aroma aroma aroma

# Thalia kry aanhangers

*Estelle Oosthuysen*

**Thalia het hulle toer vir 1979 op 5 September in die ouditorium van die Studentesentrum afgesluit met hulle aanbieding van "Oorskotjie."**

Oorskotjie is 'n tipiese sentimentele drama van die oorlogse- en na-oorlogse jare. Die skrywer van die stuk is Niccodemi. Deur verrassende effekte, buitengewone situasies, delikaat gestruktureerde tonele en sprankelende dialoog met 'n goeie balans tussen spitsvondigheid en erns, kan Niccodemi in dieselfde asem as Pirandello genoem word.

Dit was in dié drama waarin Wena Naudé haar debuut in die twintigerjare gemaak het.

Die stuk is goed speelbaar en Celia Barnard het uitgeblink in die titelrol. Thea Cloete as Franca het 'n sterk en oortuigende stukkie spel gelewer. Sy is inderdaad talentvol. Dr. Peet van Rensburg, regisseur van die stuik verdien ook waardering.

Kritiek wat moontlik op die spel gelewer kan word, is die onvermoë om die gehoor se lagbuie reg te hanteer. Die spelers is geneig om te gou weer in te val en gevolglik gaan waardevolle dialoog verlore.

Die geheelbeeld wat 'n mens van die stuk kry, is baie positief; in so 'n mate dat 'n mens nie graag in die toekoms weer 'n Thalia-opvoering sal wil misloop nie.

# Pamflette in geheim versprei

**'n Geheime organisasie, of persoon, het verlede week (Woensdagaand) propagandastukke op die kampus versprei wat daarop gemik is om studente na 'n meer regse standpunt te beïnvloed.**

Hulle noem hulself PRO-PATRIA en hulle beoog 'n "blas kampus". Hulle oogpunt blyk ver regs te wees. "Is ons, in 1979, dan te vrot om ons voorouers se besluite te eerbiedig en te handhaaf? Moet die Hofmeyrfossiele, die jong ou mensies van ons bontgesinde klieke dan altyd namens ons praat op ons kampus", sê hulle in die stuk.

"Die Blankes, het Jan Hofmeyr gesê, moet besef dat hulle in die minderheid is, maar dat die meerderheid uiteindelik die deurslag gaan gee. Die Blankes kan dus net bestaan deur die goedgunstigheid van die ander en het geen bestaan uit eie reg nie," skryf PRO-PATRIA.

Hulle versoek mede-Pukke om hulle politiese perspektief te behou en hulle nie te laat mislei deur eeu-oue SAP-kos nie.

"Moet my asseblief nie aan SSR-goedkeuring laat onderwerp nie. Ek sal as te 'eensydig konserwatief' gereken en afgeskiet word," sluit hulle af.

Baie min studente weet van die pamflet. Niemand weet wie dit versprei het nie.

# PU WEN MOORDSAAK

**Die PU het 'n hofsaak gewen waarin 'n man skuldig bevind is aan strafbare manslag. Die saak spruit uit 'n voorval vroeër vanjaar toe Bert en Arrie 'n kroeg besoek het. 'n Argument het ontstaan oor die boksvernuf van Kallie Knoetze, en beide partye het hul humeure verloor.**

Na bewering het Bert toe opgestaan en 'n hou in die lug uitgevoer, terwyl hy sê: "So slaan Kallie Knoetze." Arrie het toe 'n bottel geneem, dit gebreek en Bert in die nek gesteek. 'n Toeskouer, wat ook onder die invloed van drank was, het met Bert na die hospitaal gery. Op pad was hulle egter in 'n ongeluk betrokke en Bert is dood in die motor aangetref. Arrie is daarop aangekla van moord.

Vir die staat het opgetree mnre. Hugo Pienaar en Siegfried Eiselen van die PU. Die verdediging is waargeneem deur Kovsies, wat aangevoer het dat die daad ter wille van selfverdediging gepleeg is.

As regter het mnr. Huisamen, die voorsitter van die sybalie van Potchefstroom, opgetree. Proff. P.v.Z. Aucamp en C. de Beer was die assessore.

Die hofsitting en uitspraak is 'n pluimpie vir SRVP en die regsfakulteit.



*Mnr. Wikkie Burger, areakontroleur van Interkontinentale Brouerye vir Johannesburg en die Wes-Transvaal (regs), oorhandig 'n tjek aan die Rektor, prof. Tjaart van der Walt. Mnr. Burger het Saterdagaand net na die intervarsity, ook 'n tjek aan die rektor van die Vrystaatse Universiteit, prof. Wynand Mouton, oorhandig. Die geld is bedoel vir reis en verblyfkostes met die intervarsity tussen die twee universiteite.*

# Verklikker in Bib.

**BIBLIOTEEK** — 'n Nuwe "klokkie"-stelsel gaan in die Ferdinand Postma Biblioteek in werking gestel word om te verhoed dat boeke wat nog nie gestempel is nie, uitgedra word.

Die stelsel werk elektronies. Sodra boeke verby 'n sekere punt gedra word en nog nie gestempel is nie gaan 'n alarm af en die deur sluit. Hierdie stelsel sal dit vir studente moontlik maak om tasse en sakke binne die biblioteek te dra.

Hierdie stelsel is reeds by die RAU en UP in werking en prof. Tjaart het reeds sy toestemming vir die gebruik van die nuwe stelsel gegee.

**Johan Bezuidenhout**

# Niemand het verloor nie

**"My maatskappy bestee baie geld aan 'n intervarsity, maar as ons rugby sien soos wat vandag gespeel is, weet ons dis geld wat goed bestee is", het mnr. Wikkie Burger Saterdagaand ná die intervarsity teen die Kovsies gesê.**

Mnr. Burger, areakontroleur van Interkontinentale Brouerye vir Johannesburg en die Wes-Transvaal, het op 'n onthaal ná die intervarsity 'n tjek aan prof. Tjaart van der Walt, rektor van die PU vir CHO, en prof. Wynand Mouton, rektor van die Kovsies, oorhandig. Die geld is vir die reis- en onthaalkoste met die intervarsity bedoel.

"Wat die wedstryd tussen PUK en die Shimlas betref, is daar eintlik nie 'n verloorder nie," het mnr. Burger gesê. Hy is self 'n bekende rugbyspeler.

Die Kovsies se rektor, prof. Mouton, het op die onthaal gesê intervarsities was onder die soeklig omdat daar lelike dinge gebeur het. Wanneer dit egter gaan soos die Intervarsity op Potchefstroom, is daar geen probleme nie.

Hy het bygevoeg dat die intervarsity teen die PU die belangrikste vir die Kovsies is.

Prof. Van der Walt het gesê die gees op die pawiljoen en die veld was vanjaar skitterend. "Dit is die moeite werd om sulke jong mense te hê."

Hy het bygevoeg dat die intervarsity teen die PU die belangrikste vir die Kovsies is.

Prof. Van der Walt het gesê die gees op die pawiljoen en die veld was vanjaar skitterend. "Dit is die moeite werd om sulke jong mense te hê."

Hy het IKB ook bedank vir die belegging in die universiteite.

# Pukkies het hoë standaard



*Die Pukkies tydens hul optrede met Intervarsity. Heel voor: Karin de Wet. (Foto: Jaco Pretorius).*

**Karin de Wet, trompoppieleidster, sê sy hoop die ander Puk-dames het die verhoogde standaard van die Trompoppies opgemerk.**


Sy voel baie tevrede met hulle optrede tydens Intervarsity. Sy voel dat hulle werklik 'n uitstekende vertoning gelewer het.

Oor die mense wat hulle lastig geval het voel sy dat hulle baie goed beskerm is deur die polisie en Pukmans.

Mnr. Johan Aucamp, hulle afrigter, is baie tevrede met hul vertoning.

Die grootste deel van die groep bly dieselfde vir volgende jaar, maar hulle hoop om 'n aantal nuwe dames by te kry. Keuring is onderhewig aan sekere standaarde, maar die belangrikste egter, is dat die dames persoonlikheid moet besit. Geen vorige ondervinding is nodig nie.

Volgens Karin, lyk die toekoms van die Trompoppies rooskleurig, solank hulle voortbou op die goeie standaard wat hulle tans handhaaf.



*Herman Maartens, die nuwe SSR-lid*

# Nuwe Portefeuljes toegeken

**Die SSR het die onderskeie portefeulje-houers tydens 'n informele vergadering op 22 Augustus bepaal.**

Mnr. Herman Maartens het na mnr. Dirk Labuschagne se bedanking opgeskuif en is nou SSR-lid uit Koshuisraad. Sy portefeulje is Opleiding en Weerbaarheid in die SSR.

Die Dagbestuur van die SSR na die verkiesing van 16 Augustus is soos volg saamgestel; die voorsitter is mnr. Jan-Louis du Plooy, adjunk-voorsitter mnr. Jan Botha, mnr. Piet Fourie is die visevoorsitter en die penningmeester en sekretaris is onderskeidelik mnre. Fanie Haasbroek en Gert Coetser.

# Uitteken moet vinnig verander

**Die Sentrale Studenteraad het 'n voorstel aanvaar dat die Koshuisraad 'n deeglike ondersoek moet instel na die uittekenstelsel in dameskoshuise.**

Hulle moet die probleem van dames wat in die aande na die Studentesentrum wil gaan so gou moontlik oplos.

'n Verdere voorstel dat Radio-Puk opnames van die sêrkompetisie maak, is ook aanvaar.

Daar is besluit dat die Korpsraad meer spesifiek aandag sal gee aan die Raad se eintlike doel naamlik die ondersoek na en stimulering van gesprekke oor lewens- en wêreldbeskoulike sake.



*Mnr. Christo Dippenaar, 'n derdejaar met sy BA, maar reeds besig met sy MA.*

# STUDENT VOLTOOI MA

**Mnr Christo Dippenaar, 'n derdejaar BA-student, voltooi aan die einde van dié jaar sy MA-graad in Grieks.**

Mnr Dippenaar het in 1977 ingeskryf as BA-Admissiestudent met Grieks, Hebreeus, Sosiologie, Latyn en Psigologie as vakke. In Junie van dieselfde jaar begin hy met Grieks II en skryf aan die einde van die jaar eksamen in Grieks I en II.

In 1978 begin hy met Grieks III, Hebreeus II, Latyn II, Psigologie II, en Bybelkunde I, asook Wetenskapsleer A. Mnr. Dippenaar het ook Russies (Spesiaal) deur Unisa geneem. In Junie begin hy met Hebreeus III en Wetenskapsleer B. Aan die einde van 1978 het Mnr Dippenaar aan al die graadvereistes voldoen. Dit is egter verpligtend om 'n BA-graad in 3 jaar te voltooi en hy skryf in vir Honneurs in Grieks.

Omdat Mnr Dippenaar nog geen graad ontvang het nie, word slegs graadstatus aan hom toegeken en hy begin met Honns. en MA in Grieks, asook met Honns. in Hebreeus vir BA III. In November en weer in Junie 1980 sal hy eksamen aflê. Sy MA-graad sal eers teen die einde van volgende jaar aan hom toegeken word.

In sy eerste en tweede jaar was Mnr Dippenaar lid van die Wapad-redaksie en van Esparanto-PUK en in 1979 het hy deelgeneem aan die Universiteitsvasvrae van Springbokradio. Mnr Dippenaar beoog om volgende jaar by die Kweekskool van Stellenbosch in te skryf.

Turkstra
BAKKERY
SMAAKLIKE VLEISPASTEIE

# die WAPAD

## • Studenteleiers

Die nuwe termyn wat voorlê, bied die studenteleiers op die verskillende gebiede van die studentelewe enersyds meer voorregte en geleenthede as wat in die verlede die geval was. Andersyds plaas dit 'n groter verantwoordelikheid op hierdie verteenwoordigers van die studentemassa.

Die Wapad spreek die hoop uit dat alle leiers, van Studenteraadslede tot verenigingsbestuurslede, dié groot uitdaging aan hulle gestel met verantwoordelikheid sal bejeën. Foute van die verlede moet onverwyld reggestel word, met dankbaarheid dat daaruit geleer kon word, terwyl vorige prestasies ten volle uitgebou moet word.

## • Intervarsity

Die afgelope Intervarsity plaas veel stof tot nadenke op die skouers van elke Puk-student. Swak gedrag na buite, soos die tradisionele manewales van dronk studente op die veld, is 'n simptoom van 'n siek houding. Aan die ander kant was die ferm optrede van Studenteraadslede in hierdie verband, die goeie gees van die sportdeelnemers en die vertoning van die trompoppies lofwaardig. Die ondersteuning van sportsoorte was in die algemeen buitengewoon goed. Binnenshuise sportwedstryde is beter as ooit tevore bygewoon.

## • PU-beeld

Die daadwerklike bevordering van die PU-beeld behoort 'n belangrike doelstelling vir die volgende termyn te wees. Onherstelbare skade is reeds deur negatiewe publisiteit berokken. Negatiewe beriggewing moet ten alle koste deur streng maatreëls bestry word. Elke student kan deur verantwoordelike optrede hierin meehelp. Daarom is dit te betreur dat 'n geheime persoon of instansie onder die skuilnaam PROPATRIA, ongegronde en onverantwoordelike uitsprake maak, en dit in die geheim versprei. Gelukkig het die openbare media dit die aandag gegee wat dit verdien.

## • Mej Sickel

Die uitlatings van Karen Sickel, mej. Suid-Afrika, oor haar privaatlewe het reaksie vanuit verskeie oorde tot gevolg gehad. Die huwelik moet uit 'n Christelike oogpunt as 'n Godgegewe instelling en daarom as heilig beskou word. Die saamwoon van man en vrou buite die huwelik is dus 'n onreine en onsedelike verbintenis, wat as egbreuk beskou moet word.

As Christelike universiteit keur ons die benoeming van skoonheidskoninginne in beginsel af. Ophemeling van die eienskappe waaraan mej. Sickel haar posisie te danke het, berus na ons mening op ydelheid. Op grond hiervan distansieer ons onsself reeds van haar, en beskou ons haar nie as verteenwoordigend van die kerngesonde Christenjeug nie. Ons skaar ons nietemin by die uitsprake van instansies wat haar optrede as sodanig afkeur.


**Nuut op die Bult** Tel. 8071

Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne. Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:



MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.

**En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei — watwou!**

**GUYS & DOLLS** Tel. 8071





# Sensuur bevraagteken

**Deur Hans Gouws**

**"Sensorskap, sensuur, sensor en verban" is al huishoudelike woorde vir ons. Die vrae wat die gewone student hom afvra is gewoonlik: Waarom gaan dit nou eintlik, is dit nou nodig? Ek is mos mooi groot om te weet waardeur ek my moet laat beïnvloed en waardeur nie.**

Die sensuur wat die massakommunikasiemedia toepas, uitgesonderd lede van die Suid-Afrikaanse Persunie, doen dit uit hoofde van die Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974). In artikel 1 van die wet word die oogmerk daarvan uiteengesit, naamlik "Sensuur teen publikasies, films en openbare vermaaklikhede met maatstaf die volgehoue ywer van die Suid-Afrikaanse bevolking om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf.

Die eerste probleem is die sogenaamde bevolking van die Republiek van Suid-Afrika? Nugter gesien lyk dit of die Wetgewer die blanke Suid-Afrikaner bedoel het, wat beslis nie die Suid-Afrikaanse publiek in sy totaliteit kan wees nie.

Die gekompliseerde aard van godsdiensbenaderings in Suid-Afrika, maak dit egter 'n saak van onmoontlikheid.

Die bespreking sou maar skraal lyk as die aktuele onderwerp, "persvryheid" nie daarmee in verband gebring word nie. Hoewel koerante wat lede is van die Suid-Afrikaanse Persunie van die werking van die Wet op Publikasies uitgesluit is, is daar talle ander wette wat hulle werksaamhede rig. Die aard daarvan is dan ook meer spesifiek en is oor die algemeen na my mening aanprysenswaardig. Ek noem net 'n voorbeeld: Die Strafproseswet van 1956 het 'n verbod op die publikasie van inligting gebaseer op 'n aanklag van onwelvoeglike en dergelike gedrag.

Koerante het egter 'n groot mate van vryheid in die opsig, omdat die Wet op Publikasies nie geld vir diegene wat lede is van die Suid-Afrikaanse Persunie nie. Daar rus dus 'n groot mate van verantwoordelikheid op laasgenoemde instansie.

Sou sulke koerante hulle herhaaldelik wangedra, kan ons dalk in ons land 'n minder goeie toestand kry waarmee daar van tyd tot tyd van Owerheidsweë gedreig word, naamlik "Eksterne Sensorskap". Persvryheid sal dan 'n redelike knou toegedien word, wat maar liewer kon gebly het as die skuldiges maar net hul verantwoordelikheid besef het.

Om mee af te sluit gee ek graag my persoonlike mening oor die wenslikheid al dan nie van sensuur. Uit bostaande is dit duidelik dat daar basies twee soorte sensuur is. Elkeen het sy eie onderliggende beginsels. Die een het staatsbelang en publieke belang onderliggend en ander het godsdienstige oorwegings (meer spesifiek Christelik) onderliggend.

Die feit dat sensuur van die eersgenoemde soort toegepas word, is mynsinsiens onwaardig, (maar nou vra ek u, waar is die grense van landsbelang en publieke belang?). Wat die tweede soort sensuur betref, voel ek dat die staat daardeur onnodig op kerklike terrein ingryp. Dit is 'n toestand wat grotendeels aan die kerk en sy lidmate te wyte is. Die eens magtige kerk van lank gelede word al hoe meer magteloos. Sy lidmate luister nie meer na sy vermaning nie. Nou as laaste middel, gryp hy die staat se hand vas om tog deur middel van die wetgewer kerklike norme as staatlike juridiese norme te vergestalt en dit as sodanig af te dwing. Is ek en u as lidmate van die kerk nie vir die kerk se magteloosheid en hierdie onvanpaste sensuur van owerheidsweë (in plaas van kerklike owerheid) verantwoordelik nie?


**POTCHEFSTROOM UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**
Departement Beeldende Kunste

## VAKATURES VIR MODELLE

Vakatures bestaan tans in hierdie departement vir geklede dames- en mansmodelle wat vir Portret- en Figuurtekenkuns moet poseer.

VERGOEDING beloop R2,00 per uur vir die poseer vir portret en R3,00 per uur vir die figuur.

Daar bestaan 'n vakature wat onmiddellik gevul moet word vir 'n mansmodel (figuur) op Maandae van 09h20 tot 13h00.

BELANGSTELLENDES SKAKEL MET:
Mev T. Ballot: Tel. saans — 7022


## Uit die woord

DIE GEVAAR VAN DIE GEORGANISEERDE KONINKRYK

"En toe hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle. Luk. 17:20, 21.

Net soos Israel die onsigbare God sigbaar en tasbaar wou maak in die goue kalf, so wil die mens die onsigbare koninkryk van God sigbaar en tasbaar maak. Die Fariseërs het gedink dat die ryk van God soos 'n magtige nasionale organisasie te sien sou wees.

En so het die ander na hulle gedink dat hulle die ryk van God kan aanwys in hulle georganiseerde kerk, of in hulle Christelike organisasies. Die ryk van God is egter so deur en deur van geestelike aard dat dit yler is as die lug. Dit beteken nie dat ons met 'n onwerklike wêreld te doen kry nie. Net so min as wat die lug onwerklik is net omdat dit onsigbaar en onaantasbaar is, net so min is die geestelike ryk van God onwerklik. As u die lug in u kamer sou laat uitsuig, sal u gou besef dat die onsigbare lug 'n meer noodsaaklike vereiste vir die lewe is as die sigbare stoel en tafel. Tafels en stoele kan u gerus maar uit u kamer verwyder. U sal nog bly lewe.

Hoe is dit dan dat die ryk van God nooit hier op aarde 'n sigbare gestalte kan verkry nie? Eenvoudig omdat ons as mense onvolmaak is; omdat ons die verlossende mag van Christus slegs gedeeltelik toelaat in ons organisasies van kerk, skool en party, van huwelik en gesin. U mag nooit sê: Kyk hier of daar sien ek die ryk van God in 'n sigbare gestalte nie. Die ryk van God is slegs teenwoordig in ons samelewing en organisasies, as ons God werklik Koning laat wees in ons gedagtes, woorde, verhoudinge en werk. Maar hoe dikwels sit die mens nie op die troon nie! Ook in die kerk, op die preekstoel, in die kerkraadsbank, die kerkraadsvergadering.

Elke organisasie is slegs 'n skema waarin óf God óf die duiwel regeer en sy ryk laat kom.

Ons almal is geneig tot die sonde van veruiterliking, die sonde van die sigbare goue kalf. Ons wil telkens die ryk van God onder die sigbare tekens van "ons eie" aanwys. En wie nie met ons saamgaan nie, is dáárom alleen al verkeerd. Ja, so het die Fariseërs Christus afgeskryf. Hulle was te vleeslik om te weet wat hulle aan Jesus gehad het."

# Kampus met bome beplant



Jan-Louis du Plooy plant die tweede boom. Dit was die nuwe SSR se eerste openbare optrede.


**"Boomplanting is iets van 'n geloofsdaad. Nie net iets vir vandag en môre nie maar vir die dekades wat voorlê.**

Dit is die gees waarmee 250 Witstinkhoutbome op Donderdag, 6 September op die PU-kampus, geplant is. Die boomplanting is bygewoon deur die rektor Prof. Tjaart, die SSR-voorsitter, Mnr. Jan Louis du Plooy, en personeellede van die Tegniese Departement.

Die bome is versprei oor die PU-kampus geplant. Bome wat uitgekap is, is op die manier vervang.

Die rektor het die eerste boom geplant en was van mening dat ons bevoorreg is om so 'n Tegniese Departement op die PU te hê. Hy het gesê die instandhoudingsaansoeke het die jaar met 30% toegeneem terwyl die tegniese personeel dieselfde in getal as voorheen gebly het.

Mnr Jan-Louis du Plooy het die tweede boom geplant en gesê hy is bly dat die kampus aandag kry.



Mnr. Fred Briel, die man wat die Pukke se mage vul. (Foto: Frik Schoeman)

# Ons kos-Kunstenaar

**Om verantwoordelik te wees vir vier dinees op een aand is vir Mnr Fred Briel 'n kleinigheid.**

Mnr Briel het in 1974 by die PU begin as sjef en nadat mnr. Momberg bedank het, was hy verantwoordelik vir ses kombuise, al die personeel en die opstel en hernuwing van spyskaarte wat deur die Huishoudkunde Departement goedgekeur word. Hy het die spysenering vir Huiskomiteekampe, onthale en dinees van koshuise beplan.

Nadat Mnr. Briel in 1963 die skool verlaat het, het hy by die Spoorweë begin werk as waarnemende kok en gevorder tot die hoogste sport. Hy het by verskillende plekke gewerk soos by die Blou Trein en Jan Smuts Lughawe, waar hy vir ses jaar gewerk het. Terwyl hy by die Spoorweë was, het Mnr. Briel homself bekwaam as sjef en het hy verskeie teoretiese en praktiese eksamens afgelê.

Volgens mnr. Briel is die S.A. Spoorweë die beste sentrum vir opleiding van spyseniers en het hy ook sy breë kennis van algemene kookkuns hier gekry. Hy het al 'n verskeidenheid onthale aangebied soos 'n Joodse dinee vir die besoekende ambassadeur van Israel en hy was ook verantwoordelik vir die onthaal van die gewese Staatspresident, dr. Nic Diedericks.

Die algehele verbetering in die voorbereiding van voedsel by koshuise, is onder andere aan die inisiatief en harde werk van mnr. Briel en sy personeel toe te skryf.

Studente wat spysenering van kampe en ander funksies reël, kan veertien dae voor die tyd met mnr. Briel in verband met aankope in verbinding tree. Voorrade kan dan so baie goedkoper aangekoop word.

# REDENAARS MAAK SKOONSKIP

**Mej. Irma Jansen van Rensburg het die tweedeplek in die jaarlikse ATKB-redenaarskompetisie vir studente van Afrikaanse kampusse verower.**

**Die kompetisie is vanjaar op 8 September in Pretoria gehou. Daar was agttien deelnemers uit die hele land en meeste kolleges en universiteite was verteenwoordig. Afgesien van die PU was daar ook deelnemers van RAU, UOVS en Maties, asook van die Onderwyskolleges van Potchefstroom, Pretoria, Johannesburg, Durban en die Paarl.**

Die PU is verteenwoordig deur Adelé de Wet en Irma Jansen van Rensburg. Mej. de Wet het 'n vierde plek verower met haar rede: "Wat is die vrou?" Mej. Van Rensburg se onderwerp was: "Die vrou moet haar plek ken . . ." Die PU was die enigste kampus wat twee plekke kon verower.

Mej. Van Rensburg sê: "Die standaard was besonder hoog en die kompetisie baie straf. Dit was opmerksaam dat daar baie meer dames as mans op die kompetisie was en 'n mens wonder of die mans bang is om te praat en of hulle net niks het om te sê nie."

Volgens mej. Van Rensburg, wat ook die voorsitster van die Retoriese Vereniging is, is die doel van die Retoriese Vereniging om die kuns van retoriek te bevorder en debat op die kampus te stimuleer.

# GEEN PLAKKATE SONDER TOESTEMMING

DIE stadsklerk van Potchefstroom het opgemerk dat verskeie departemente van die PU hul byeenkomste en opvoerings sonder die nodige goedkeuring van die stadsraad adverteer.

Verskillende organisasies en firmas het die afgelope tyd plakkate sonder die nodige goedkeuring vertoon en selfs los plakkate teen enige moontlike voorwerp vasgeplak, byvoorbeeld teen die vullishouers op die stadsraad se sypaadjies.

Omdat die willekeurige opplak van plakkate en kennisgewings in Potchefstroom nie toegelaat kan word nie, word 'n vriendelike dog dringende beroep gedoen op al die rade en verenigings om die nodige reëlings te tref om hierdie optrede te voorkom.

# KORT NUUS

**BEURSE**

**STAATSDIENSKOMMISSIEBEURSE:** Die beurse is tot R1 800 in 1980 verhoog.

**T.O.D.-BEURSE:** Die Transvaalse Onderwysdepartement dra geen kennis van 'n verhoging in studietoekennings vir 1980 nie. Vir alle praktiese doeleindes bly die bedrae ten opsigte van studietoekennings vir 1980 onveranderd.

**PU-BEURSE:** 'n Aantal beurse vir voltydse voor- en nagraadse studie in 1980, is beskikbaar by die Universiteit. Skriftelike aansoeke om die beurse word ingewag tot 15 November 1979. Aansoeke moet aan die Registrateur (Finansies), P.U. vir C.H.O., gerig word. Verdere inligting is by die Administrasie beskikbaar.

**Hulpprojek**

Hulpprojek loods weer die komende vakansie vanaf 23 November tot 5 Desember 'n projek. Hulle beoog om bou- en naaldwerkprojekte in Bophuthatswana van stapel te stuur. Die koste beloop R25,00 en die skietlys sal oop wees van 1 tot 5 Oktober, tussen 1 en 2, langs die Inligtingskantoor.

## LIBER FACTUS

**Dit vind op Saterdag 15 September vanaf 14h00 op die Fanie du Toit plaas.**

Sparno het twee wisseltrofeë vir die mans — en dameskoshuise wat wen geborg. Die koshuise se name sal op die trofeë gegrafeer word en jaarliks aan die wenkoshuise gegee word.

**Massa-ete**

Kerrie en rys sal deur die verskillende eetsale op die sportterrein voorsien word.

**Filmvertoning**

"The Cross and the Switchblade" sal om 21h15 in die Totiussaal vertoon word.

# Lettere hou oordragsvergadering

**Die Fakulteitskomitee van Lettere en Wysbegeerte hou op Maandag 17 September hulle oordragsvergadering. Omdat daar verwarring bestaan oor wie die vergadering moet bywoon, het die dagbestuur van die Fakulteitskomitee die name aan Die Wapad verskaf.**

Dit is uiters noodsaaklik dat almal die vergadering sal bywoon, omdat die hele departement kan ly onder die afwesigheid van die departementsvoorsitters. Daar is belangrike reëlings in verband met die volgende termyn wat deurgegee moet word en studente kan gerus hulle verteenwoordigers aanspoor om die vergadering by te woon.

Lede wat die vergadering moet bywoon is die volgende:

Michiel Meyer — Afrikaans-Nederlands
Deon Steyn — Antieke kultuurgeskiedenis
Esmé du Preez — ATLW
Antoinette van Jaarsveld — Beeldende kunste
Naomi Brits — Biblioteek- en Inligtingkunde
Gerard Grobler — Duits
Monica Jackson — Frans
Deon Claassen — Geografie
J.W. Louw — Internasionale Politiek
Frik Schoeman — Kommunikasiekunde
Diana Pienaar — Kriminologie
Izak Minnaar — Kultuurkunde
Amelia Venter — Kunsgeskiedenis
Fransie Coetzee — Musiek
Erna du Toit — Ontwikkelingsadministrasie
C.F. Pienaar — Sosiologie
Nadina Kleynhans — Spraak- en Vertolkingskunde
Diane Brophy — Toneelkunde
Irene de Vos — Verpleegkunde
Hans van Bemmel — Volkekunde

# Kuesta by kovsies

**Kuesta '79 word vanjaar gedurende September op die kampus van UOVS aangebied.**

Die koorfees vind gedurende die 14de en 15de September plaas en die volgende kore neem deel: UOVS, UP, NKP en PU vir CHO. Die beoordelaars is Prof. Gawie Cilliers en Mnr. Dirkie de Villiers. Op 15 September word 'n groot kooruitvoering in die Callie Humansaal gehou.

Die kunsfees vind vanaf 27 tot 29 September plaas en laat inskrywings sal nog aanvaar word, behalwe in die Letterkunde-afdeling. Van die beoordelaars is onder andere Aletta Gericke en Milla Louw vir drama, Prof. Larry Scally en G. Vermeer vir kuns, D. Theron vir argitektuur, E. Walker en L. Viljoen vir fotografie en Hans van Heerden, Prof. Jack de Wet en mnr. Dirkie de Villiers vir musiek.

Die begroting vir Kuesta beloop naastenby R15 000 en die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging het R8 000 aan Kuesta geskenk. Die prysgeld is in elke afdeling R150 en 'n trofee sal aan die algehele wenner van 'n afdeling oorhandig word.

Die wenners van die drama-afdeling sal aan filmtoetse deur Mimosa-Films onderwerp word. Die SAUK gaan 'n televisie-opname van Kuesta maak.



*Die sokker koshuis-liga is nou volstoom aan die gang. Die Eerste wedstryde is al afgehandel. Die dorpspanne en Klooster is die groot gunstelinge om in die eindstryd te speel. Op die foto bo is Hombré op die aanval. Klooster het die wedstryd met 3-1 gewen.*

# Net twee druip bros

**Uitspan het die hoogste slaagpersentasie in die broseksamen van 1979 behaal. Oosterhof het onder die dameskoshuise die hoogste slaagpersentasie behaal. Makouvlei en Wag-'n-Bietjie het onderskeidelik die tweedebeste gevaar.**

Ander uitslae is:

| | |
|---|---|
| Uitspan | 68,2% |
| Makouvlei | 61,8% |
| Caput | 56,1% |
| Amajuba | 54,8% |
| Liberalia | 54,6% |
| Hombré | 53,5% |
| Klooster | 50,7% |
| Oppikant | 50,3% |
| Over de Voor | 47,5% |
| Villagers | |
| Oosterhof | 67,9% |
| Wag-'n-Bietjie | 62,5% |
| Klawerhof | 61,0% |
| Kasteel | 50,6% |
| Heide | 60,0% |
| Vergeet-My-Nie | 57,9% |
| Wanda | 56,4% |
| Kulu | 55,2% |
| Dinki | 52,3% |
| Karlien | 51,3% |

# Potch Inry

17-19 1ste vert. They called him Bulldozer — Bud Spencer
21-22 1ste vert. They called him Bulldozer — Bud Spencer
20-22 2de vert. Going South — Jack Nicholson
24-25 1ste vert. The Boys from Brazil — Gregory Peck
28-29 — Laurence Olivier
26-29 2de vert. A Man Called Tiger — Wang Yu Okada

# PROPAGANDA NOODSAAKLIK IN SAMELEWING

— Irma Meyer —

**Propaganda, propaganda... Almal is teen propaganda. Dit is mos 'n euwel wat vermy en uitgeroei moet word. Propaganda indoktrineer en vernietig...**

Tog blyk dit dat hierdie houding teenoor propaganda effens uit verband geruk word. Propaganda in duisende vorms is vandag so 'n absolute deel van elke samelewing.

Propaganda hoef nie noodwendig altyd negatief te wees nie. Daar is soveel positiewe propaganda deesdae dat dit blykbaar in 'n ander kategorie as propaganda geklassifiseer word. Tog bly dit propaganda waarsonder ons nie kan klaar kom nie.

Propaganda word toegepas met die doel om in te lig, voor te lig en veral om te oorreed. Die propagandis wil dus hê dat 'n sekere gemeenskap sy sieninge en menings in verband met 'n sekere saak moet oorneem en aanvaar.

Dat daar wel dikwels negatiewe elemente voorkom, is nie te betwis nie. Maar die positiewe met betrekking tot propaganda is twee keer soveel.

Die advertensie-, reklame- en skakelwese vorm 'n deel van beïnvloedende propaganda. Alles in die positiewe sin van die woord. So kan selfs inligting, voorligting, opvoeding en onderwys as aspekte van propaganda gesien word. Selfs die prediker op die preekstoel kan as 'n propagandis gesien word. Hy verkondig sekere Christelike standpunte met die uitsluitlike doel dat die hoorders dit moet aanneem en aanvaar as hul eie.

Propaganda besit geen bo-aardse, bose magte waarteen geen mens verweer het nie. Propaganda, positief aangewend, hou die verantwoordelikheid van die mens in gedagte.

Geen persoon word gedwing om die propagandis se standpunte oor te neem nie. Propaganda beïnvloed slegs as daar spasie vir beïnvloeding is. Die feit dat daar wel persone is wat totaal deur propaganda geïndoktrineer kan word, moet verder teruggevoer word as die propagandis en sy propaganda. Dan moet daar veel eerder gekyk word na so 'n persoon se opvoeding, patriotiese bande en selfs na sy inherente karakter.

Elke mens is die skyf van propaganda in ons huidige samelewing. Maar dit is ook binne die menslike vermoë van elke persoon om self te oordeel en te besluit.

Propaganda is 'n noodsaaklike element van elke samelewing waarvan ons baie meer afhanklik is as wat die meeste mense bereid is om te erken.

## UIT NO. 13

### Nuwe perspektief op kunswerk

**Die Redakteur**

Na aanleiding van die berig "STUDENTE VERHELDER SENTRUM" op 17 Augustus, het ek die volgende opmerkings. Daar is aangevoer deur die twee wat verkies om "anoniem" te bly dat die kunswerk die "identiteitslose beweging van die studente massa" beteken.

Graag wil ek hul interpretasie verbreed en is bereid om gekorrigeer te word. As Christelike universiteit het ons inderdaad te doen met 'n groot deel identiteitlose studente. Daarmee word bedoel dat baie die naam dra van "Christen" terwyl hulle lewe nie daarvan getuig nie.

Die wapen van die PU vir CHO wat 'n kandelaar met sewe arms uitbeeld, simboliseer 'n basiese eenheid soos die takke van een boom en dui op die eenheid wat 'n skrifgefundeerde wetenskap vorm. Op elk van die sewe arms is weer 'n kelkie wat die "Lig" simboliseer.

Dit is eienaardig dat die kunswerk ook sewe arms het met onderskeidelik sewe kelkies. Vir my lyk dit na 'n moderne uitbeelding van die kandelaar motief op ons universiteitswapen.

Objektief beskou is die verwronge uitbeelding van die kandelaar 'n juiste uitbeelding van die identiteitloosheid van die "naam Christene" op hierdie kampus.

**Werner Eksteen**

### Probleme met CHO

**Die Redakteur**

Potchefstroom met sy akkerlanings het seker ook al vir u, soos vir my, deel van die mooi dinge in die lewe geword. In dié Wes-Transvaalse dorp staan 'n universiteit met 'n besondere tradisie en 'n nog mooier leuse: IN U LIG. Tog is dit vir my 'n geskenk wat pyn baar.

1979 is die jaar wat ek die eerste keer met die PU vir CHO in aanraking gekom het. My rede: 'n bepaalde studierigting, en ook dalk ten diepste die "CHO"; wat nou na sewe maande hier niks meer beteken as 'n aldehied-groep (-CHO) van die Organiese Chemie-klas nie.

Ek motiveer: my kennisname met my koshuisinwoners was ietwat onverwags en het my wildste konsentrasiekampdrome oortref, maar ek sal dit tog nie as negatief afskryf nie. Tydens die eerstejaar-ontheffing by die koshuis was bier in oorvloed en dit net om die swakheid van sommige CHO-studente na vore te bring.

Karnaval was op hande en een van die eerste dinge was 'n biertuin vir CHO-studente. (Ons rektor en vele ander lede van die Raad en die Konvokasie neem egter sterk standpunt in teen dans op georganiseerde vlak). Ek wens prof. Tjaart en andere kan die pyn aanskou van die bedryf in die Elgro se kroeg en die Aquarius Disko. Die arme preutse studentjies op die PU darem! Die sogenaamde "karnavalbabas" is seker ook 'n proefbuispoging soos in Brittanje. Pukke, is u besig om die naam van die God wat ons lewens regeer as skuilnaam te gebruik vir die aanbidding van u westerse afgodery?

Met die intervarsity teen RAU was heelwat PU-studente onder die invloed van Bacchus, die god van die wingerdstok. Een student en sy vrou dans egter op die maat van eksklusiewe musiek in 'n restaurant en word van die Teologiese Skool vir 'n tydperk geskors. Ironies genoeg geniet sulke onbenullighede groot prioriteit in dagblaaie.

Kyk julle nie teen julle oogvelle vas met jul wettiese lewensbeskouing waarmee julle 'n volk met skynheiligheid probeer flous nie? Probeer flous? Is dit nie 'n toonbeeld van wat hier aangaan nie! Die skyn van die "goeie" lewe oorheers die liefde waarmee Christus ons beklee het. Dit blyk vir die PU-massa maklik te wees om hul gewetens met 'n -CHO te sus. Ons het op ons kampus minder Calviniste en meer Christene nodig.

Die SSR-verkiesing is net verby. Baie beleidsverklarings was mooi en skoon; was dit? Die PU-trop storm voort na jolyt met baadjies waarop staan: IN U LIG!

Dit ontlook 'n wrang glimlag . . .

**ZIMBAAL**

**(Die Wapad wonder hoe die skrywer en ander Pukke voel, veral na die afgelope Intervarsity teen UOVS. — Red.)**

## INTER-UNIVERSITÊR

# UNISA ADVISEER STUDENTE

**'n Ondersoek wat geloods is deur die Adviesdiens aan studente in UNISA-NUUS, 'n maandelikse rubriek waarin inligting verskaf word oor verskeie onderwerpe rakende studie en studiemetodes, het die volgende feite aangaande eksamenvrees bekendgemaak:**

Mislukking in 'n eksamen kan die meeste van die tyd aan 'n gebrek aan selfvertroue by die student toegeskryf word en nie juis 'n gebrek aan kennis nie. Die beste manier om van hierdie druipvrees ontslae te raak, is deur die opbouing van selfrespek. Een van die grootste foute wat begaan word is die ontduiking van eksamens.

Die belangrikste voorbereiding vir 'n eksamen bestaan volgens die berig uit grondige hersiening. Dit is buite die kwessie om in die kort tydperk voor 'n toets heeltemal nuwe materiaal te probeer instudeer.

In verband met vraesteltegniek maak die skrywer die volgende aanbevelings. Die heel belangrikste faset van eksamenskrywery is die deeglike lees van vrae. Dit is ook raadsaam om te begin met die vrae waarmee die student die beste bekend is aangesien dit bydra tot die opbou van selfvertroue.

Dit is verder belangrik om 'n skema op te stel voordat met die beantwoording van vrae begin word omdat dit 'n vaste denkpatroon stimuleer en dikwels die geheue in werking stel om addisionele feite te onthou.

Dit is essensieel dat alle vrae wat gevra word beantwoord sal word eerder as om oormatige tyd aan een of twee te spandeer en dan glad nie by die res uit te kom nie.

Wat 'n student se doelstellings in sy studies betref, is dit belangrik dat hy intrinsieke waardes sal stel wat vir homself as persoon belangrik is, en nie materiële mikpunte as die begin en einde van sy studies nie.

## PERDEBY STEEK

**Volgens Die Perdeby wil dit voorkom asof Theuns Eloff na goedkoop publisiteit soek.**

Die koerant gee erkenning aan Theuns vir die leiding wat hy as ASB-president gegee het. Die Perdeby voel dwars in die krop gesteek oor beskuldigings soos "bakleiery, rug-bytery en struwelinge". Theuns het die woorde as kenmerkend van sy ampstermyn as president beskou.

Soos A.G. Visser se "afkopman van Skimmelperdpan" nie tot rus wil kom nie, woner Die Perdeby waarom Theuns Eloff so onrustig wandelende is.

Die Perdeby laat beslis vertraagde skok buite rekening. Indiwidue tree verskillend op wanneer 'n organisasie se doelstellings deur 'n gebrek aan samewerking in die wiele gery word.

## PU EN RAU DEEL PROBLEEM

**Die** massavergaderings wat kort voor die studenteraadsverkiesing gehou is, is klaarblyklik besig om hulle doel te mis. Volgens 'n berig in die HERAUT is die "sirkusse" wat onlangs op die RAU-kampus gehou is, gekenmerk deur 'n kwynende belangstelling in die studentelewe van die breë massa. Die berig skryf die swak bywoning toe aan die feit dat die studente nie soos in die verlede in twee kampe verdeel was nie.

'n Verdere demper op die gees was die lae gehalte van die vrae wat aan die kandidate gestel is as gevolg van die tekort aan kontroversiële aangeleenthede wat betrokkenheid kon aanwakker.

Die Groot Swete op die PU het vanjaar in baie opsigte dieselfde kenmerke getoon. Een van die mees herhaalde vrae aan die kandidate was: "Wat beplan u om omtrent die doeltreffendheid van die swete te doen?"

Die HERAUT skryf die swak bywoning verder toe aan die kompetisie wat televisie bied. Indien studenteaangeleenthede wel as gevolg daarvan skade ly, is daar nie veel meer te sê vir studentebetrokkenheid nie.

## UPEN LEWER PLEIDOOIE

**Die nuwe redaksie van die UPEN het 'n belangrike versoek tot sy lesers gerig.**

Die redaksie bestaan so te sê almal uit nuwelinge. Almal sal baie moet leer van die eise wat die uitgee van 'n koerant aan 'n mens kan stel. Al die redaksielede is ook voltydse studente.

Die redaksie sal positiewe kritiek verwelkom. Opbouende kritiek dra by tot 'n hoër standaard. Studente wat 'n sadistiese plesier uit negatiewe kritiek put, is groot vyande van 'n koerant.

Die swygende massa moet van hulle laat hoor. UPEN stel baie belang in sake van gemeenskaplike belang is.

## RAU dra gesag oor

**Winde van verandering swiep oor die RAU-kampus. Op 13 Augustus het die uittredende rektor, prof. Gerrit Viljoen, van die Raukies afskeid geneem.**

Op 6 September sal die RAU-studente weet wie die nuwe rektor sal wees. Die twee sterkste aanspraakmakers is prof. J.P. de Lange, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en die waarnemende rektor, prof. J. Poolman, van die fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Die RAU-SR beoog vir die nuwe termyn verteenwoordiging van die studentemassa deur behoeftebepaling en behoeftebevrediging.

'n Studenteparlement gaan in die lewe geroep word. Verteenwoordigers word uit die SR en twee lede uit elke koshuis gekies. Die parlement wil politieke mosies bespreek en politieke gebeure in breë perspektief stel.

Die SR wil veral aandag aan die opleiding van die leiers in wording skenk. So sal kontak met die massa meer intens en persoonlik van aard wees.


# Fotokuns

Klasgroepe

- Voorkom teleurstelling
- Laat neem foto's nóú
- Moenie uitstel tot dit te laat is nie
- Voorkom probleme met bestellings en aflewering

*Maak 'n afspraak vóór 15 September*

**TEL. 5985** **Tomstraat**



KERNREDAKSIELEDE

Redaktrise: Mariëtte van der Walt
Assistent-redakteur: Izak Minnaar
Nuusredakteur: Dirk van Heerden
Inter-universitêre redaktrise: Jeanne Fourie
Raderedaktrise: Irma J. van Rensenburg
Damesbladredaktrise: Christa J. van Rensenburg
Koshuisbladredakteur: Alwyn van der Linde
Sportbladredaktrise: Rolene Koch
Spotprent deur: Marina Benson
Tegniese redaktrise: Zenta Swanepoel
Verspreidingsredakteur: Danie van Dyk
Reklamebestuurder: Jacques Pienaar
Penningmeester: Alwyn Viljoen
Sekretaresse: Marietjie Eloff
SSR-lid: André Howard

# tandem

**'n Koerant probeer gewoonlik om so ver as moontlik in soveel as moontlik lesers se smaak te val. 'n Damesblad bereik optimum die helfte van 'n koerant se leserstal. Dit moes verbeter! Daarom die uitbreiding om ook hulle wat vorentoe dans, en staan as hulle bid; in te sluit.**

**Mens kan egter nooit almal tevrede stel nie. Die mans wat nog steeds doringdraad vir ontbyt kou en met 'n gebreekte bierbottel skeer, of die dames wat nooit in die son uitgaan of hard lag nie; daar is tot tien getel en die klok het gelui — die blad is uit vir hulle!**

## Voorkom misdade!

**Die getal aanrandings, inbrake en misdade wat jaarliks by die Polisie aangemeld word, neem drasties toe. Die styging in hierdie misdade is so hoog dat die Polisie tans besig is met 'n veldtog om hierdie misdade te voorkom.**

Baie dames verlaat aan die einde van die jaar die "beskermde" milieu van die kampus om hul meesal in vreemde dorpe of stede te vestig.

Majoor F.W. Bull van die Afdelingshoofkwartier in Johannesburg het die volgende wenke aan die hand gedoen vir die dames, maar ook vir enige burger wat sy of haar persoonlike belange op die hart dra.

- Vermy misdaadgebiede, veral in stede. Bestel liewer 'n huurmotor as u daarheen móét gaan of stap saam met bekendes.
- Dames móet nooit verkondig dat hulle alleen bly nie. Meld net S. Swart eerder as Sandra Swart in die telefoongids en op die posbus.
- Moenie die deur vir 'n vreemdeling oopmaak voordat die identiteit van die persoon vasgestel is nie. Dit kan gedoen word deur 'n loergaatjie of deurketting aan te bring. Gedurende 1976/1977 is daar 15 109 verkragtings en pogings tot verkragtings by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld!
- Indien u deur 'n persoon agtervolg word, rapporteer dit aan 'n verbyganger op so 'n wyse dat u agtervolger kan sien dat u dit doen.
- Bly kalm indien u aangeval word. Probeer om u uit die situasie te praat en maak terselfdertyd 'n geheuebeeld van die aanvaller. Die eerste oorweging moet steeds wees om weg te kom en om aandag te trek. Indien die aanvaller wel in sy doel slaag, is dit gediedend noodsaaklik dat die voorval onmiddellik aan die eerste persoon wat teëgekom word te rapporteer.
- Sluit die deure van die motor van binne wanneer u daarin ry. Dit sal verhoed dat iemand u oorval wanneer die motor stilstaan. Maak seker dat niemand in die motor skuil voor u daarin klim.
- Plaas die handsak en pakkies op die vloer van die motor en nié op die sitplek nie, veral nie langs u nie. Moet ook nie pakkies in die motor laat waar dit maklik gesien kan word of die aandag trek nie.

Dit is duidelik dat al die wenke op die gebruik van gesonde oordeel berus. Aangesien daar egter altyd geargumenteer word dat soiets net met ander persone kan gebeur, word dit meestal geïgnoreer. Dit is in u eie belang dat aandag gegee móét word aan hierdie wenke!

# Rande vir later

**Dis lente en 'n hoogs aansteeklike koors is in die lug, en dis nie hooikoors nie! As die lente-gevoel eers behoorlik sy houvas kry en dinge moet begin gebeur, sy dit verlowing, verliewing of sommer vernuwing, moet mens op een of ander stadium hand in die sak steek, en diep steek. Dis nuwe klere vir die somer, dalk 'n diamantring, ledegeld vir die muurbalklub en die heel ergste, petrol vir die kar.**

Dis al laat in die jaar, maar mens kan altyd sorg dat dit volgende jaar beter gaan, veral die gelukkiges wat werk gedurende die vakansie. Baie mense weier om geld te belê vanweë die hoë inflasiekoers. Dit help egter nie om geld onder die matras te bêre nie, want sodoende word die volle 11,2 persent verloor aan inflasie, terwyl 'n rentekoers die syfer kan afbring. 'n Verdere voordeel verbonde aan 'n belegging is dat mens gedurig bewus is van die hoeveelheid geld wat per maand gebruik word en van wat oor is.

Besluit self watter bank of bouvereniging om te ondersteun. So baie mense bly maar net by die plek waar hulle pa's en oupas voor hulle was. Daar is egter 'n paar riglyne wat veral studente kan volg in die behartiging van hulle geldsake.

- Eerstens is dit beter om 'n groot som geld van byvoorbeeld 'n lening of 'n beurs in 'n spesiale spaarrekening te deponeer wat 'n minimum deposito verlang. Sommige banke vereis net R100 vir so 'n rekening en die geld is nie vas belê vir 'n sekere tyd nie. Verder het die rekening 'n hoër rentekoers as 'n gewone spaarrekening.
- Tweedens is dit voordelig vir die spaarder as die bank maandeliks die rente bereken. Dit beteken dat bedrae voor hierdie berekening inbetaal kan word en ná die datum getrek kan word sodat mens die laaste druppeltjie rente uit die rekening kan kry.
- Derdens is spoed en goeie diens 'n belangrike vereiste. Banke wat met kompers werk vergemaklik enige transaksie en kan ook op enige tyd 'n bankstaat verskaf waarop al die besonderhede van die spaarder se geldsake verskyn.
- Dis goed om vierdens 'n tjekrekening by dieselfde bank oop te maak en maandeliks 'n sekere bedrag vanaf die spaarrekening in die tjekrekening in te betaal. Geld in 'n tjekrekening verdien nie rente nie en daar is dus weinig nut in om honderde rande daarin te hou. Dit is verder 'n essensiële bate vir 'n dame vandag. Mens gee minder geld uit en dit is van geen waarde vir 'n handsakgryper nie.

As die troukoors al hier by 42°C trek, is dit 'n goeie idee om saam so 'n spaarrekening te begin en maandeliks 'n bietjie af te knyp om daarin te deponeer. Dit geld natuurlik enige Groot Geleentheid, soos die beplanning van 'n oorsese reis.

Bouverenigings en die poskantoor is ook 'n moontlikheid vir spaarrekenings alhoewel daar gewoonlik baie meer moeite aan verbonde is. Bouverenigings is by uitstek geskik vir groot beleggings (daardies waarvan jy droom as jy net 18c het vir koffie by die kafeteria).

Dinge raak so gespesialiseerd op finansiële gebied dat dit uiters noodsaaklik is om kennis te probeer inwin oor die beste maniere om geld te laat WERK. Dis immers jou geld om die maksimum nut uit te kry.

# Wat dink jy?

**Dit is LENTE en almal gaan weer met nuwe oë na die mense en dinge om hulle begin kyk. Skielik sien hy 'n aster raak wat al die hele jaar saam met hom in die Psigologieklas sit — "waar was my gedagtes . . .?" Of sy kom ewe skielik agter dat die ou wat oorkant haar Chemie-prakties doen nogal regtig goed lyk in sy wit jas.**

Wat dink die deursnee Puk-man egter van die Puk-dame, en andersom? In 'n vlugtige meningspeiling wat gedoen is, het daar uiteenlopende menings voorgekom:

**HY** sê die Puk-dame . . .
is puik!

- helder darem so af en toe 'n man se dag op
- sy is soms nogal elegant — soms só "way-out"
- se sedelike peil laat soms veel te wense oor! (ernstige aanmaning dié, Puk-dame!)
- laat hom aan 'n klooster dink . . .

**SY** sê die Puk-man . . .

- is droog
- is 'outyds'
- dink as jy vir hom glimlag wil jy met hom trou
- is oulik — veral sommige.
- sal nie, soos op ander universiteite, lelike aanmerkings vir meisies skree nie . . .

**En onthou; vanaand is die einde van vandag, behalwe as die vakansie môre begin — dan is vanaand die begin van môre!**

# Aborsie soms wettig

**Alle aborsies is nie onwettig nie, bepaal die Suid-Afrikaanse Reg wat as een van die wêreld beste regstelsels in die wêreld beskou word.**

'n Wettige aborsie kan gedoen word indien verdere swangerskap die moeder se lewe in gevaar stel of haar geestelike gesondheid aangetas sal word. Daar kan verder voor geboorte vasgestel word of die kind by geboorte deur 'n geestelike of 'n liggaamlike defek gestrem sal wees. In dié geval is aborsie ook wettig. Swangerskap wat uit 'n daad van verkragting, die gemeenskapsdaad met 'n persoon van 'n ander ras 'n kranksinnige of idioot voortspruit, kan ook wettig beëindig word.

'n Wettige aborsie moet deur 'n dokter gedoen word. Die wettigheid van die aborsie moet deur twee mediese praktisyns wat nie saam praktiseer nie, gesertifiseer word. 'n Derde dokter moet die aborsie uivoer. Minstens een van die drie praktisyns moet vier jaar ondervinding hê. As die aborsie op grond van kranksinnigheid gewettig is moet een dokter 'n psigiater wees; en in geval van verkragting moet een die distriksgeneesheer wees.

Kontrole moet steeds tydens aborsie uitgeoefen word en 'n verslag van die operasie moet binne 21 dae aan die Sekretaris van Gesondheid gestuur word. Die aanvraag om 'n aborsie moet met 'n verklaring van die landdros vergesel word.

Die straf vir die medepligtige van 'n onwettige aborsie is nie lig nie, maar ongelukkig bestaan daar 'n leemte in die reg oor die skuld wat die moeder dra. Verskeie juriste het reeds 'n meningsverskil daaroor gehad, maar daar sal moontlik 'n eis deur die vader ingestel kan word as hy van die swangerskap bewus is.

Dus is dit duidelik dat die reg hierdie saak nie ligtelik beskou nie, en dat veel meer op die spel is as die blote sosiale omstandighede van die moeder.


NOU OOK
Ruikers, blomme, plante
op die Bult
HUIS EN TUIN



TEL. 4641/7078
TOMSTRAAT 82



WENMOTOR*




Nuwe Volkswagen Golf
Die grootste idee in die wêreld van klein motors.
Kom sien self waarom die Golf dié motor van die jaar genoem word.
Golf LS 2- en 4-deur, GLS 4-deur handrat en outomaties, GTS 4-deur, Diesel 4-deur.
Met 'n volle 12-maande-waarborg, ongeag die afstand afgelê.
Harold's Volkswagen
Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261




# Aikido vind byval

**Die PU Aikidoklub is aan die begin van die jaar gestig en is dus nog baie jonk. Dié sportsoort het heelwat byval gevind en vir 'n nuwe en tans onbekende klub het dit reeds sy stempel afgedruk in die PU se studentelewe.**

Aikido is 'n Oosterse vorm van selfverdediging met sy oorsprong in Korea. Dit het 'n sterk Westerse neiging getoon. Die sport behels 'n selfverdedigingstegniek wat oorvleuel met karate en tog word basiese beginsels van judo ook aangewend. In gevorderde tegnieke van aikido word ook van mestegnieke gebruik gemaak. 'n Belangrike faset van dié sportsoort is die toespitsing van 'n vegter op die senupunte van sy aanvaller se liggaam. Spoed, balans en konsentrasie is dus van uiterste belang.

Op Saterdag, 15 September gaan die Aikidoklub Primrose toe om gegradeer te word vir hulle geel gordels. Hulle is Johan Annandale, Joost Heystek, Peet Oosthuizen en Oubaas Oosthuizen. Hulle word gegradeer deur Johnny Gouws, Aikido se hoofinstrukteur van Suid-Afrika.

Belangstellendes kan Maandae en Woensdae van halfvyf tot halfses in die saal onder die Ouditorium van die Studentesentrum aanmeld. Navrae kan gerig word aan die voorsitter, bussie 137 by die SSR-kantore.

# PUKKE LAAT KOVSIES GROOT SKRIK

**Op Saterdag 25 Augustus het die eerste rugbyspan van die UOVS besef dat manne soos dié in die PU se eerste rugbyspan nié sonder handskoene aangepak kan word nie.**




*Goeie samespel soos dié van Pieter Conchar (links) en Nico Tromp het gesorg vir 'n aaneenskakeling tussen die PU-span tydens intervarsity.* *(Foto: Jaco Pretorius)*

Alhoewel Kovsies uiteindelik met 19 punte teen 12 geseëvier het, het die Pukke die hele wedstryd oorheers. Nié in die lynstane óf in die skrums het Kovsies 'n sê gehad nie, hul moes net vinnig regruk en keer.

Een en almal, selfs manne uit die Kovsiespan, het ná die puik wedstryd erken dat die Pukke tóg die beste op die veld was. Soos menige male tevore was die geluk net aan die verkeerde kant van die veld vir die Pukspan.

Kobus van Wyk het met twee skepskoppe en André Markgraaff met twee strafskoppe vir die PU se twaalf punte gesorg. Aan die Kovsies se kant het Fritz Wolmarans met twee drieë, twee vervyfskoppe en 'n strafskop geslaag terwyl Kobus Aucamp met 'n opportunistiese drie die res van hul negentien punte op die telbord laat verskyn het.

Onder die PU se manne kan geen uitblinkers uitgesonder word nie want almal het puik spel gelewer.

• **Kanovaart**

# Kovsies Verneder

**Die viertal Pukke het Saterdag maklik met die span van die Kovsies klaargespeel. Oor die afstand van vyftien km het die Pukke dertig punte ingesamel teenoor Kovsies se twaalf. Die wedvaart is deur D. Bos van die PU gewen.**

Na die klap van die afsetter se pistool was dit gou duidelik dat die Kovsies nie opgewasse is teen die Pukke nie. Die span van die Pukke het in 'n bondel weggebreek, op mekaar se "slip" gebly en die Kovsies ver agtergelaat. Na die eerste sewe km het Frank Wiehahn probeer wegbreek maar is gevolg deur Dawie Bos en Frans Coetzer. Die stryd was merendeels tussen die spanlede van die PU self. Ook die B-span het met die Kovsies afgereken.

Die totale spantye was: Pukke 2.48.30 sekondes en die Kovsies 3.55.15 sekondes.




*Dawie Bos, Frans Coetzer, Frank Wiehahn, Carl van der Walt na Saterdag se wedren op die Vaal.*


## Fisici

**Benut hierdie aantreklike geleentheid om baanbrekerswerk op die gebied van optika te verrig. Kandidate (mans of dames) moet verkieslik 'n M.Sc-graad (Fisika) hê of tans daarvoor studeer. Dis interessante en stimulerende werk saam met ander wetenskaplikes. Die vergoeding en byvoordele is puik. Skakel mnr. Malan by (011) 211578/9 of skryf aan Qualitas, Kine Centre 1706, Hv. Commissioner en Kruisstraat, Jhb., 2001.**


## BELANGRIKE DATUMS

**MUURBAL:**
Op 20 en 21 September vind die o/23 en die Wes-Transvaalse veterane kampioenskappe op die PU plaas. Op 29 September sal die Wes-Transvaalse Groot Uitklop in die studentesentrum plaasvind. Daar sal agt mans- en vier damespanne deelneem.

**ATLETIEK:**
Op Woensdag 19 September vind die C-liga van die interkoshuisatletiek op die Fanie du Toit sportterrein plaas. Dit begin om 14h30.

**RUGBY:**
Op Saterdagmiddag 15 September speel die PU se eerste rugbyspan sowel as die Jongspan en die o/20 A-span teen Strathvaal op Strathvaal.



*V.l.nr.: Johnny Annandale; Joost Heystek; Christo Swanepoel (instrukteur); Oubaas Oosthuizen en Peet Oosthuizen.*

## KORTSPORT

### Sokker

Die PU-sokkerklub het Saterdag teen die Hot Spurs op die Verdedigingsvelde gespeel en in 'n swak vertoning met drie doele teen een verloor. Negentig persent van die wedstryd was die Pukke egter op die verdedigers se doele en 'n goeie oorwinning in die Pukke se guns was die enigste uitslag. Tog het die feit dat die Hot Spurs nie van dieselfde gehalte as die Pukke is nie, die span van die PU omver gegooi en vir 'n onverwagte oorwinning gesorg. Die afrigter, mnr. Egon Schultze, is van mening dat dié omverwerping deur 'n swakker span toegeskryf kan word aan te min oefening deur die beter span. Tydens só 'n wedstryd word detail kennis van die sportsoort vereis, asook uiterste selfbeheersing.

### KOSHUISHOKKIE

Te danke aan die puik samewerking van die koshuisverteenwoordigers van die dameskoshuise en die puik organisasie van mev. Ulyate en Wagter Delport het nog 'n hokkieseisoen wat baie suksesvol verloop het, ten einde gekom.

Die dames het netjies vertoon op die hokkieveld en die standaard was deurgaans baie hoog. Wanda I het die superliga oortuigend gewen deur 47 doele aan te teken en slegs 6 teen hulle te kry.

Die uitslae was as volg:

**Superliga**

| | |
|---|---|
| Wanda I | 12 punte |
| Vergeet-my-nie | 9 punte |
| Heide I | 6 punte |
| Karlien I | 6 punte |
| Wag 'n Bietjie I | 4 punte |

**Relegasieliga**

| | |
|---|---|
| Oosterhof I | 8 punte |
| Dinki I | 4 punte |
| Kulu I | 2 punte |
| Klawerhof I | 1 punt |

**Koekliga**

| | |
|---|---|
| Kasteel I | 8 punte |
| Karlien 2 | 4 punte |
| Wanda 2 | 3 punte |
| Vergeet my nie 2 | 2 punte |

## INTERVARSITY UITSLAE PUKKE VS UOVS

| SPORTSOORT | PUKKE | UOVS |
|---|---|---|
| Gholf | 4½ | 1½ |
| Tennis: Mans | 9 | 0 |
| Dames | 2 | 7 |
| Muurbal: Mans I | 1 | 4 |
| Mans 2 | 4 | 1 |
| Dames 1 | 1 | 3 |
| Dames 2 | 1 | 3 |
| Judo: Mans | 3 | 3 |
| Dames | 5 | 26 |
| Gimnastiek: Mans | 5 | 26 |
| Dames | 16 | 19 |
| Tafeltennis: Mans I | 11 | 12 |
| Mans 2 | 1 | 9 |
| Skerm: Mans | 41 | 7 |
| Dames | 7 | 2 |
| Stoei | 7 | 0 |
| Pluimbal: Mans | 3 | 12 |
| Dames | 3 | 12 |
| Scuba | 20 | 20 |
| Kanovaart | 30 | 12 |
| Sokker | 4 | 3 |
| Landloop: Mans | 39 | 39 |
| Dames | 28 | 10 |
| Hokkie: Mans I | 0 | 4 |
| Mans 2 | 0 | 0 |
| Dames 1 | 0 | 5 |
| Dames 2 | 1 | 2 |
| Netbal: PUK I | 15 | 34 |
| PUK 2 | 13 | 31 |

## Stoffberg as Afrigter Oorsee:

Donderdag 30 Augustus het James Stoffberg na Wallis vertrek waar hy vir 'n maand rugby sal afrig. Daarna gaan hy vir nege maande Italië toe waar hy die Rovigo-rugbyklub sal afrig. James beoog om tydens Junie 1980 na Suid-Afrika terug te keer, maar hy kan dalk langer oorsee vertoef om meer ondervinding op die gebied van rugbyafrigting te verkry.

## SAAMBOU NASIONAAL OORKOEPELENDE KOSHUISLIGA: UITSLAE:

| MANS: | DAMES: |
|---|---|
| 1. Hombré 62 | 1. Wanda 68 |
| 2. Caput 56 | 2. Klawerhof 36 |
| 3. Overs 49 | 3. Karlien 30 |
| 4. Villagers 43 | 4. Oosterhof 24 |
| 5. Dawie Dup 24 | 5. Kasteel 21 |
| 6. Drakenstein 16 | 6. Heide 20 |
| 7. Klooster 14 | 7. Vergeet-My-Nie 16 |
| 8. Oppikant 4 | 8. Wag 'n Bietjie 14 |
| 9. Amajuba 2 | 9. Dinki 4 |
| | 10. Kulu 0. |

**Hierdie uitslae is nog nie finaal nie aangesien sommiges nog uitstaande is. Die finale uitslae sal in 'n volgende uitgawe verskyn.**